-- Ek het geloop tot daar by Thembustraat.

Nou daar vanaf Thembustraat kan jy oor die veld sien tot by Frikkie Meyerstraat? -- Ja.

Die 20 na 25 mense wat u gesien het en gevolg het, het hulle oor die veld gestap? Het u hulle gesien stap oor die veld? -- Ja.

Terwyl hulle oor die veld stap na die rigting van Kwa-Madala Hostel het u enigiets anders daar gesien soos byvoorbeeld polisievoertuie of iets van die aard? -- Nee.

Hoe lank het u nou vertoef daar met Thembustraat toe u nou sien die mense stap nou in die rigting van KwaMadala Hostel? -- So tien minute.

Was daar verskeie van die inwoners van Boipatong wat daar in Thembustraat bymekaar gekom het? -- Wel daar was mense wat daar gestaan het.

Dit is nou mense wat ook soos u wou kyk wat gaan aan, waar kom die mense, die aanvallers vandaan? -- Ja.

Het u daar op die veld terwyl u daar was geen polisievoertuie opgemerk nie? -- Nee.

Of weermagvoertuie? -- Nee, ek het nie voertuie gesien nie.

Dit moes 'n redelike entjie gewees het wat u die mense agtervolg het vanaf u huis tot hulle daar by Thembustraat aangekom het, nie waar nie? -- Ek sal vra u herhaal die vraag.

Wel, kom ek stel dit vir u so, dat dit moes 'n redelike groot afstand gewees het toe u hulle gevolg het vanaf u huis totdat hulle Boipatong verlaat het, die groepie van 20 tot 25 mense? -- Ja.

Ek neem aan u het hulle die heeltyd in u sig gehou? -- Nee, ek het vir hulle nie gesien nie, want ek volg so op 'n

afstand/...

afstand.

Maar hoe weet u nou u behou dieselfde afstand van die groep? -- U edele, maar ek sê mos, ek was agter hulle gewees 'n afstand van ongeveer van hier af tot daar by die deur.

Dit is reg, en u volg hulle? -- Ja.

Om hulle te kan volg moet u hulle kan sien? -- Ja.

Wat het hulle gemaak van u huis af, wat het hulle gedoen totdat hulle Boipatong verlaat het? -- Hulle het so geloop en vensters breek.

Nou u het getuig dat u wakker geword het die aand van die 17de want u hoor vensters breek? -- Ja.

U het gesê dit was na tien gewees? -- Ja.

Hoe het u geweet dat dit na tien was? -- Dit is pas na ek na die storie gekyk het.

Het die storie tienuur opgehou? -- Ja, hy hou op tienuur.

Hoe lank daarna hoor u toe die breek van die venster? -- Wel dit was nie lank dat ek in die bed was nie.

Kan u 'n skatting gee? Was dit tien minute, 'n halfuur? -- 15 Na 20 minute.

As ek u getuienis verstaan het daar twee mense in die huis ingekom en verby u gestap? -- Ja.

Was daar elektrisiteit in die huis? -- Ja. U edele, maar al die ligte was af gewees, behalwe die ligte van die kamer waarin ek gehardloop het en ook waar my vader was.

Wat ek nie verstaan nie is hulle stap verby u en u gaan agter hulle aan in die rigting van die kamer waar u vader wegkruip? -- Ja.

Nou is daar seker 'n bietjie van die lig van die kamer wat op hulle val? -- Nee, die lig het nie op hulle geval nie.

Was u binne-in die kamer toe die mense by u vader geld

eis/...

eis? -- Ja.

Dit is nou die kamer waar die lig aan is? -- Ja.

So nou kry u kans om die mense duidelik te sien? -- Nee, ek het mos gaan wegkruip teen daardie tyd.

Waar kruip u nou weg? -- So langs-die bed.

Waar is u vader? -- Hy het daar in die deur gestaan.

Wat is sy naam? -- David.

U vader is nie beseer nie, is hy? -- Nee.

Het u gesien toe hierdie mense die muurhorlosie afhaal? -- Nee, ek is nog in my skuilplek, ek het dit nie gesien nie.

Hoeveel mense was nou daar in die huis gewees, behalwe nou u familie? Ek praat nou van aanvallers of inbrekers. -- U edele, ek neem aan hulle was baie. Ek lei so af want ek het baie stemme daar gehoor.

Nou hierdie goedere wat hulle geneem het, het hulle dit nou in verskillende kamers in die huis gekry? -- Ja.

Hoe lank was hierdie mense omtrent in die huis gewees? -- Hulle het nie lank geneem nie.

Kan u 'n skatting maak, 'n halfuur, tien minute, 15 minute? -- Nee, hulle het so 20 minute lank geneem.

Die TV wat hulle gevat het, was dit 'n groot TV? -- Ja, dit is 'n groot een.

Dit is 'n TV wat baie moeilik gedra word deur een persoon, twee persone moet hom dra? -- Ja.

Toe u nou die mense agtervolg het, het u gesien dat die TV gedra word, of kon u nie so duidelik opmerk nie? -- U edele, ek het die tweede groep gevolg, nie die eerste nie.

Jammer, my fout. -- En die tweede groep het nie die huis binnegekom nie, dit is die eerste groep.

Nee, ek vra verskoning, dit is my fout, mnr Nyokong. Na

hierdie/...

hierdie mense nou weg is toe gaan julle nou uit na buite toe en julle staan nou daar buite rond, is dit reg, dit is nou na die inbrekers nou weg is? -- Ja.

Ek neem aan julle het nou eers seker gemaak dat dit stil is en veilig is voor julle uitgegaan het? -- Ja.

Julle het sekerlik nou nie onmiddellik uitgegaan na die aanval nie, dit moes 'n rukkie gevat het, 'n paar minute miskien? -- U edele wel, dit is nie lank daarna nie want ons het vir hierdie mense hoor sê "nou moet ons gaan".

Nou hoe lank het julle daar buite die huis rond gestaan toe julle die tweede groep mense sien? -- Sê maar so 20 minute.

Die skote wat die mense afgevuur het, watse tipe geweervuur was dit, was dit outomatiese geweervuur? -- Outomaties.

Het hulle aanhoudend gevuur soos wat hulle geloop het? -- Hulle het geskiet.

Het hulle ook vensters gebreek? -- Ja.

Hierdie goedere wat daar by die kruising gelê het, dit is nou die kruising van die straat waarin u woon, Bafokengstraat en Thembustraat, was dit 'n groot hoop goedere gewees wat lyk asof dit met 'n doel bymekaar geplaas is? -- Hulle het daar gestrooi gelê oor die grond.

Nou om die mense te agtervolg vanaf u huis tot by Thembustraat, hoe lank het dit u geneem min of meer? -- Sê maar hier by 30 minute, want hierdie mense het nie reguit geloop nie, hulle is by persele in om vensters daar stukkend te slaan.

Kan u sê hoe hierdie mense wat so geskiet het, hoe hulle geklee was? -- Hulle het jasse gedra.

Was dit lang jasse? -- Ja.

Het hulle almal dieselfde jasse aangehad? -- Nie almal nie.

Het/...

Het die oorgrote meerderheid van hulle dieselfde jasse aangehad? -- Ja.

Hierdie jasse, u het seker nou al gesien wanneer die weermag en die polisie jasse dra, was dit soortgelyke jasse wat hierdie mense gedra het? -- U edele, kyk, ek kon nie sien nie hoe hulle gelyk het nie want ek volg op 'n afstand, en nog 'n ding dit is in die aand.

Nou daar was bewerings gewees dat die inwoners van Boipatong daar in die omgewing van Thembustraat by die kaal veld byeengekom het na die voorval en dat daar dreigemente was dat hulle die hostel wil aanval. Weet u iets daarvan? -- Ek weet nie daarvan nie.

Gedurende daardie tydperk wat die voorval plaasgevind het verstaan ek was daar ook 'n wagdiens wat geopereer het in daardie omgewing, die sogenaamde "comrades" of "self-defence units"? -- Ja.

Het u ook wagdienste verrig? -- Ja.

Het u ook op die aand van 17 Junie wagdienste verrig? -- Ja, ons het besluit ons gaan wagdienste doen, maar polisie gooi ons uitmekaar uit.

Hoekom het julle besluit julle gaan wagdienste doen? -- Ons was bang vir aanvalle want ook in die verlede destyds was daar aanvalle.

So het julle daardie aand van 17 Junie spesifiek 'n aanval verwag? -- U edele, ons het nie geweet nie, maar ons het deurgaans wagdienste gedoen.

Wanneer julle wagdienste doen, bewapen julle julself, nie waar nie? -- Ja.

Nou hoe het dit nou gebeur dat die polisie julle verjaag het op 17 Junie om wagdiens te doen? -- Hulle het die eerste

keer/...

keer na ons gekom, gesê ons moet uitmekaar gaan, wat wel gedoen is, maar ons kom weer bymekaar by die hoek van Umzimvubu. Daar het die polisie weer eens op ons afgekom en toe skiet hulle hierdie traangas na ons.

Toe julle weer in Umzimvubu bymekaarkom, was dit daar naby aan Umzimvubu- en Thembustraat waar die groep bymekaar gekom het? -- Nee.

Waar dan? -- U edele, ons het die eerste keer bymekaar gekom by die hoek van Bafokeng en ons kry toe woord ons moet uitmekaar gaan, wat wel gedoen is, dan kom ons weer bymekaar daar by hoek van Umzimvubu.

En watter straat? -- En Lekoa.

Nou hoe groot is hierdie groepe wat bymekaar kom? -- Ons was so agt gewees.

Hier was iemand wat vroeër getuig het dat daar op die aand van die 17de 'n groep van 500 bymekaar gekom het. -- Watter groep is dit?

'n Groep van die buurtwag of die "comrades" of die sogenaamde "self-defence units", en hy het getuig hierdie groep is toe opgedeel in kleiner groepies om by straathoeke wag te hou. -- U edele, wagdienste was verrig gewees deur hierdie jong mannetjies in die woonbuurt, al die jong mannetjies.

Is hulle almal wat wagdienste verrig het op die aand van 17 Junie deur die polisie uitmekaar uit gejaag? -- Ja.

Hoe laat op die 17de of wanneer op die 17de het dit nou plaasgevind? -- Wat het nou plaasgevind?

Dat die polisie die "comrades" of die "self-defence units" of die buurtwag uitmekaar uit gejaag het of verdryf het. -- So agtuur.

Was dit nou die eerste keer, agtuur, wat u groepie

uitmekaar/...

uitmekaar uit gejaag is daar in Bafokengstraat nou? -- Ja.

Hoe laat is julle nou weer uitmekaar uit gejaag in Umzimvubustraat? -- Na agtuur, "past eight".

Is daar ook op julle geskiet deur die polisie? -- By hoek van Bafokeng het hulle daar met ons gepraat dat ons uitmekaar moet gaan, maar by hoek van Umzimvubu daar is op ons geskiet.

Is daar met haelgewere op julle geskiet? -- "Tear-gas", traangas.

Het u gehoor of weet u daarvan dat daar van hierdie "self-defence units" was op wie die polisie gevuur het die aand met 'n haelgeweer? -- Nog nie daarvan gehoor nie.

Toe die polisie u aanvanklik die eerste keer sê om uitmekaar te gaan, wat het hulle vir u gesê, hoekom? -- Hulle het gesê ons wil nie groepies mense sien in die aand nie.

Was dit so dat die polisie op vorige geleenthede op die buurtwag, ek meen nou voor die aand van 17 Junie, die buurtwag uitmekaar uit gejaag het? -- Nee.

Nou die klomp goedere wat daar gelê het by die kruising van Bafokeng- en Thembustraat, behalwe nou die goedere van uself wat u teruggeneem het, weet u wat geword het van die ander goedere? -- Ek weet nie.

Tussen die goedere wat oorgebly het was daar nog videos en TV's en die tipe van goed, "hi-fi's"? -- Ja.

Dit het u die volgende dag, die 18de, weer daar gesien? -- Ja, want ek het die TV op die volgende dag daar gaan haal.

Het u enigsins na hierdie voorval gehoor dat daar bewerings was of bewerings gemaak is in Boipatong en in die pers dat die polisie betrokke was by die aanval of die polisie of die weermag betrokke was by die aanval die aand van 17 Junie? -- Ja.

Is/...

Is dit ook so dat daar 'n vergadering was van die inwoners waar die ANC mense met inligting gevra het om vorendag te kom en om te kom verklarings maak? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u enigsins 'n verklaring gemaak ten behoewe van die Goldstone-kommissie? -- Ek het 'n verklaring gemaak aan die polisie.

Wanneer het u daardie verklaring gemaak? -- U edele, as ek reg onthou hier by Maartmaand.

Van hierdie jaar? -- Ja.

Nou het u enigsins die aand tydens die aanval die geluid gehoor van Casspirs of Hippo's wat in die omgewing van Boipatong was? -- Na die gebeure of voor dit?

Tydens. -- Nee, ek het nie polisievoertuie gesien nie.

Voor die gebeure? -- Ja, want dit is die polisie wat vir ons uitmekaar gemaak het.

Na die gebeure? Na die gebeure, het u enigsins na die gebeure polisievoertuie of weermagvoertuie gesien? -- Daar was voertuie.

Waar het u die voertuie gesien? -- In die woonbuurt.

Hoe lank na die voorval? -- Sê maar 'n uur later.

Waar het u dit gesien? -- Rondbeweeg in die woonbuurt.

Was daar op daardie stadium na die voorval probleme tussen die inwoners of die sogenaamde buurtwag en die polisie? -- Nee.

Was daar nie onmiddellik na die gebeure bewerings dat die polisie betrokke is by hierdie aanval nie? -- Daar was so gerugte.

Was die strekking van die gerugte nie dat die aanvallers vergesel was van Casspirs nie? -- Herhaal die vraag.

Was die strekking van die gerugte van polisiebetrokkenheid nie dat die aanvallers vergesel was Casspirs nie? -- Dit is so

beweer/...

beweer, ja.

Is dit nie ook beweer dat die Casspirs die aanvallers vervoer het nie, opgelaai het en afgelaai het nie? -- Nee, dit is nie wat ek gehoor het nie. Wat ek gehoor het is die dat by 'n sekere perseel die hek daar was gesluit gewees, die Casspir het daardie hek oop gestamp, toe kon die aanvallers nou die perseel betree.

Was die strekking van die gerugte ook dat blankes deelgeneem het aan die aanval? -- Nee, dit weet ek nie.

Hierdie mense wat u gesien het wat oor die veld gaan, kan u net kyk na foto, BEWYSSTUK 3 meen ek? O, kyk na BEWYSSTUK 7, ja, die groot lugfoto. Kan u net aandui waar die groep mense gestap het wat u gesien het Boipatong verlaat? Verstaan u die kaart, die foto? -- Ek kan nie goed volg nie. Ek dink by hierdie ander, BEWYSSTUK 1, daar kan ek aandui.

Wel, ek kan u help betreffende die foto. Kan u sien waar Boipatong self is? -- Ja, dit is Boipatong daar.

As mens sou kyk na die foto aan die linkerkant van Boipatong is daar 'n stuk kaal veld. -- Ja.

U sien dit, en u sien die teerpad en u sien daar waar die robotte is die Trek-garage? Kan u dit sien? -- Ek kan nie die garage sien nie.

Ek sal net vra dat die tolk u net help en net vir u wys. Is u nou georiënteer ten opsigte van die foto? -- Ja, edele.

Nou waar het u gesien die groepie mense van 20, 25 stap in watter rigting? -- Ek wys.

HOF: Wel hy staan met sy rug na my toe. U moet maar verduidelik, mnr Botha, u moet maar op rekord plaas wat u wil hê. Hy was omtrent met 'n verlenging van Bafokengstraat regs ten weste na die Frikkie Meyer Boulevard toe.

MNR BOTHA: /...

MNR BOTHA: Ja, soos die hof behaag. Het u hulle die heeltyd gevolg met u oë, met ander woorde u het gesien hulle stap in daardie rigting, u het gesien tot hulle oor die pad stap? -- Ja.

U het geen polisievoertuie gesien staan by die robot byvoorbeeld nie? -- Nee.

Ook nie by die Trek-garage nie? -- Nee.

Weet u hoeveel vuurwapens hierdie groepie mense by hulle gehad het? -- Nee. U edele, ek het nie vuurwapens gesien nie want hierdie mense was 'n afstand van my af.

Maar soos u nou kon hoor dat hulle skiet, kon aflei dat daar meer as een vuurwapen by hulle was? -- Ek het net die geklap van een skoot van een vuurwapen gehoor.

Dankie, edele, ek het nie verdere vrae nie.

HOF: Het u vrae, mnr Strydom?

MNR STRYDOM: Mnr Van Eck sal dit... (tussenbei)

MNR VAN ECK: U edele, ek het 'n paar vrae, maar ek skat... (tussenbei)

HOF: Dan kan u dit maar môre vra.

MNR VAN ECK: Soos dit hof behaag.

HOF: Die hof sal verdaag tot om tienuur môre-oggend.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT OP 1 SEPTEMBER 1993**

**ELIAS NYOKONG, s.o.e. (deur tolk)**

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR VAN ECK: Mnr Nyokong, die aand toe u wakker geword het, was dit van vensters wat breek wat u wakker geword het? -- Ja.

Toe die persone by u in die huis inkom, het hulle u gesien of nie, wat sal u sê? -- Ja, ek sal hê hulle het my gesien.

Behalwe u en u vader was daar nog ander persone ook in die huis, inwoners? -- Ja.

Die/...

Die aanvallers wat daar by die huis ingekom het, het nie een van julle daar enige beserings toegedien nie of gedreig om beserings toe te dien nie? -- U edele, ek het 'n besering hier opgedoen, soos ek wys, die linkerhand by die gewrig aan die bokant.

Hoe het u die besering opgedoen? -- Onthou, ek het mos van die een kamer beweeg na die ander. Ek is toe by hierdie mense verby toe ek so gehardloop het. In die hardloop en toe ek die ander kamer binnegaan kry ek die besering.

Maar dit is nie deur 'n aanvaller aan u toegedien nie? -- Nee, ek is nie gesteek nie.

Behalwe die messe, het u enige ander wapens by die mense gesien? -- Nee.

Het u enige idee waar hierdie mense, die eerste groep, heen is nadat hulle u huis verlaat het? -- Ek weet nie.

Hoe ver weg van u af was die tweede groep gewees toe u die skote gehoor het wat deur hulle gevuur was? -- U edele, ek sal die plek kan wys hier op die kaart.

U het gister u woning aangedui as 487 Bafokeng. As die tolk miskien u net kan help om dit weer aan u te wys? -- U edele, ek wys in die kruising van Bafokeng ons huis se strate, daar was die ander groep toe.

Gaaf, dankie, u kan terugkeer. Naas die skote wat u daar gehoor het, het u verder enige ander skote gehoor? -- Nee.

Wie was die persone wat saam met u was toe u hierdie tweede groep gevolg het? -- Toe die groep gevolg is?

Ja, u het gister gesê u was vier. -- Myself en Senki, Ismail en Thabo.

Waar het die persone vandaan gekom? -- Hulle bly mos by die huise in daardie omtrek van ons.

U/...

U het melding gemaak dat die eerste groep wat u huis betree het wit bandjies opgehad het om hulle koppe, maar u het niks gemeld dat die tweede groep soortgelyke bandjies gehad het nie. Kan dus aanvaar word dat die tweede groep het nie bandjies om hulle koppe gehad nie? -- Ek het nie so gelet oor die tweede groep nie want ek was nie te na aan hierdie groep gewees nie.

U het getuig dat die groep wat u gevolg het, het geloop en vensters breek. Het u gesien of hulle in enige huis ingegaan het? -- Dit kon ek ook nie agterkom nie want ons het nie te na aan hierdie mense gekom nie.

In die tyd wat u hierdie tweede groep gevolg het in Bafokengstraat het u enige ander persone op daardie stadium tot en met hulle die woonbuurt verlaat het, gesien wat daar in Bafokengstraat of in Hlubistraat beweeg? -- U edele, nee. Kyk, ons het mos in Bafokeng geloop. Ons kan nie by die ander straat sien nie. Daar is hierdie kleuterskool, hy is 'n hoë gebou en hy het hierdie betonmuur rondom.

Hoe bewapen julle julself as julle wagdiens doen? -- Net met messe en klippe.

Is daar sommiges wat vuurwapens het wat u al van gehoor het? -- Nee, nog nie gehoor nie.

Die betrokke aand van 17 Junie was dit die eerste keer dat terwyl u wagdiens doen u deur die polisie versoek is om uitmekaar te gaan of ook selfs uitmekaar gejaag is? -- Ja, dit was die eerste keer.

Die perseel wat u van gehoor het wat die Casspir-voertuig die hek oopgebreek het, waar is dit? -- 'n Hoekhuis in Hlubistraat.

Is dit vir u moontlik om op daardie kaart, BEWYSSTUK 1,

die/...

die plek uit te wys? Sien u Hlubistraat daar? -- Ja, hier is hy. Dit is daardie huis, U edele, Hlubi en Lekoa.

HOF: Wat is die nommer van die huis? -- Huis 753, u edele.

MNR VAN ECK: As die hof my net 'n oomblik sal gun u edele? Dankie u edele, ek het nie verdere vrae nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR VAN DER MERWE: Mnr Nyokong, het u na die aand van 17 Junie weer wagdienste verrig in Boipatong? -- Nee, want daar was 'n polisieversterking gewees, daar was baie polisie die hele woonbuurt en hierdie wat in die aand gewerk het moes permitte of briefies dra van die werkgewer wat so aandui.

Hoeveel vensters was daar by u ouerhuis gebreek? -- Die vensters aan die voorkant.

Hoeveel is dit, weet u? -- Dit is hierdie groot vensters, hy bestaan uit drie dele per venster.

Dankie, edele ek het nie verdere vrae nie.

HOF: U sê u het gehoor dat die Casspir 'n hek van 'n huis oopgebreek sodat die aanvallers daar by die huis kan ingaan? -- Ja, edele.

U sê die huis waar die hek gebreek is, is by 753 Hlubistraat? -- Ja, u edele.

Het u gehoor dit is die huis of het u gesien dit is die huis? -- Ek het gesien, want by hierdie huis is mense dood.

Wat het u gesien by die huis? -- Ons het agter die laaste groep aangegaan tot daardie groep heeltemal buite die woonbuurt is en ons kom terug. Ons is toe na verskillende huise, onder andere hierdie ene ter sprake. Daar het ons gevind die een bejaarde dame is alreeds dood, die tweede dame wat in die been geskiet is die het later gesterf in die hospitaal.

Nou het u die hek gesien wat na bewering oop gestamp is?

Ja/...

-- Ja.

Wat was verkeerd met die hek? -- Hy was stukkend.

Hoe was hy stukkend? -- U edele, sy een kant het plat gelê, sy ander kant het nog gestaan.

Nou was daar enige aanduiding dat dit 'n voertuig is wat die hek plat gestamp het? -- Ja.

Watse aanduiding was daar? -- Ek het spore van 'n Hippo daar gesien.

Wat maak 'n Hippo se spore anders as 'n ander voertuig s'n dat u kan sien dit is 'n Hippo se spore? -- U edele, spore van 'n Hippo is duidelik sigbaar, die patroon van die buitebande.

Hoe is hy duidelik sigbaar? Lyk hy soos 'n trekker-band se spoor?

TOLK: Lyk hy soos?

HOF: Soos 'n trekker-band. -- Nee, edele.

Nou hoe lyk hy anders as 'n ander spoor? -- Sy spore lyk nie soos spore wat gemaak is deur 'n gewone buiteband nie.

Nou wie ry met Hippo's, die polisie of die weermag? -- Dit is die polisie.

Ek dog die polisie ry Casspirs? -- O, daar in die woonbuurt ons noem so voertuie Hippo's.

Weet u wat die verskil is tussen 'n Hippo en 'n Casspir? -- Nee, edele.

Die plek waar dit na bewering gebeur het is nie ver van jou plek af nie? -- Dit is die derde straat van ons af.

Nou het jy ooit die aand daar Hippo's gesien?

TOLK: Daardie?

HOF: Daardie aand van die 17de, het u Hippo's daar gesien? -- Is dit voor of na die gebeure?

Voor, na, tydens die gebeure. -- Ek het dié voor die

gebeure/...

gebeure gesien.

Dit was lank voor die gebeure? -- Ja, edele.

Maar toe die hek nou gebreek is, het u nie toe die Hippo's daar gesien nie? -- Nee.

Wie het vir jou gesê die Hippo het die hek oop gery? -- Dit is Abednego.

Abednego, wat is sy van? -- Mabuza, u edele.

Is hy nog daar in die woongebied? -- Ja.

Het hy gesê hy het dit self gesien of het hy dit maar by ander gehoor? -- Hy sê hy het gesien.

GEEN VERDERE VRAE

MNR VAN DER MERWE: Mag dit u behaag, edele. Die volgende getuie is Petrus Fantisi. Hy getuig nie ten opsigte van 'n spesifieke aanklag nie.

HOF: Waaroor getuig hy?

MNR VAN DER MERWE: U edele, sy getuienis is, die strekking van sy getuienis is, wat basies die aand gebeur het rondom sy huis en in die omgewing van sy huis waar hy was.

HOF: Van die moorde?

MNR VAN DER MERWE: Daar is nie 'n spesifieke aanklag geformuleer in die akte vir sy getuienis nie.

HOF: Ek verstaan nie heeltemal hoekom moet ek al hierdie getuienis aanhoor nie, mnr Van der Merwe? Kan u vir my sê hoekom? Dit word nie betwis dat daar so opgetree is die betrokke aand, soos ek alreeds gehoor het nie. Nou hoekom moet ek dit oor en oor en oor hoor?

MNR VAN DER MERWE: U edele, met respek, dit is so dat hierdie getuienis word nie betwis nie, maar in die loop van die kruisondervraging word daar kort-kort gewag gemaak van polisie-optrede of polisiebetrokkenheid by die aanvallers en...

(tussenbei) /...

HOF: Wel u het nou gehoor wie is die presiese een. Dit is die eerste keer wat ons nou hoor een van hulle sê presies. Nou hoekom word hy nie geroep nie?

MNR VAN DER MERWE: U edele, die staat sal nog die getuie roep, of as die staat hom nie roep nie dan aan die verdediging beskikbaar stel, maar die probleem wat die staat mee te kampe het in hierdie stadium is dat daar word kort-kort 'n suggestie of daar word 'n suggestie gelaat dat daar pólisiebetrokkenheid deurgaans, of dat die polisie deurgaans gehelp het met die aanvallers wat die inwoners aangeval het, en die rede waarom die staat hierdie getuies roep is om daardie suggestie te weerlê of dan die hok te slaan, want die getuies getuig pertinent dat hulle geen voertuie gesien of gehoor het nie, wat dan die suggestie in die band doen.

HOF: Ja.

**PETRUS FANTISI, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR VAN DER MERWE: Mnr Fantisi, u woon te 55 Majolastraat in Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Kan u net op die kaart, BEWYSSTUK 1, met u verlof u edele, kyk waar u perseel geleë is? -- Ek wys so, u edele.

Die aand van 17 Junie 1992 was u by hierdie adres gewees, is dit korrek? -- Ek was daar gewees, ja.

Wat het die aand gebeur by die huis, sal u vir die hof vertel asseblief? -- Ek het gesit en lees in die huis. Ek het toe gehoor op 'n afstand daar is vensters wat breek en weer later hoor ek hier klap 'n vuurwapen, 'n skoot. Nog 'n oomblikkie later hoor ek daar word nou vensterruite van my ouerhuis gebreek. Ek het die ligte afgeskakel, ek gaan lê plat op my maag. Ek is hierna na die kombuis, ek het daar vir 'n rukkie vertoef. Ek wou net luister wat is aan die gang daar buite.

Ek/...

Hoe lank na die gebeure het u 'n klag gaan indien? -- Wel die polisie het rondgegaan in die woonbuurt om verklarings te probeer kry.

Was hulle die enigste mense wat daar rondgegaan het om te probeer verklarings kry? -- Wel sover ek weet was dit die Suid-Afrikaanse Polisie.

U het tog seker in die koerante gesien en op die TV gesien dat daar mense was wat beweer het dat die polisie betrokke was by hierdie aanval? -- So iets het ek nog nie gesien in die koerante nie.

Het u dit op die TV gesien? -- Nee.

Die betrokke aand het u enige voertuie daardie hele nag gehoor? -- U edele, na die gebeure het ek wel twee weermagvoertuie gesien.

Hoe lank na die gebeure was dit gewees? -- Twee ure later.

Dankie, edele, geen verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM</u>: Geen vrae.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE</u>: Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>

<u>MNR TAUTE</u>: U edele, met verlof van die hof sal ek vra dat my kollega, mnr Van der Merwe, die volgende getuie lei.

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: Mag dit u behaag, edele. Die volgende getuie is Elias Nyokong. Hy getuig ten opsigte van aanklag 131.

<u>HOF</u>: Elias wie?

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: 131, U edele.

<u>HOF</u>: Wat is sy van?

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: Nyokong.

**<u>ELIAS NYOKONG</u>, v.o.e. (deur tolk)**

<u>TOLK</u>: Net gewaarsku om harder te praat, edele.

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR VAN DER MERWE</u>: Mnr Nyokong, u woon te

487/...

487 Bafokengstraat in Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Met u verlof, edele, sal u asseblief op die kaart, BEWYSSTUK 1, aantoon waar u huis geleë is? -- Ek wys so, edele.

Die aand van 17 Junie 1992 was u in Boipatong gewees, is dit korrek? -- Ja.

Sal u asseblief vir die hof vertel wat die aand gebeur het, mnr Nyokong? -- Ek was alreeds in die bed gewees, ek hoor hoe vensters gebreek het daar buite. Hierdie persone wat vensters gebreek het kom tot daar by my perseel van my ouerhuis. Ek staan op, gaan staan so teen die muur.

Voordat u voortgaan, weet u hoe laat dit was toe u opgestaan het? -- U edele, dit mag gewees het hier na tienuur, "past ten".

Ja? -- Na die breek van die vensters is die deur ook stukkend geslaan. Die mense kom toe in. Ek hardloop toe na die kamer heel agter.

Voordat u voortgaan, toe die deur oopgebreek word en die mense inkom, het u gesien op daardie stadium hoeveel mense die huis binnekom? -- U edele, twee het ingekom, verbygestap. Ek het toe agter hulle aangegaan. Ek gaan skuil weg in die kamer heel agter. Die mense het my agtervolg. My pa was in daardie kamer.

Wat is u vader se naam? -- O, hy is David.

Is sy van ook Nyokong? -- Ook Nyokong. Die mense het toe geld by my pa opgeëis. Hy sê vir hulle hy het nie geld nie. Daarna het hulle hierdie muurhorlosie afgehaal, klere, komberse, TV is geneem. Wel, die klere wat geneem is uit die kamer, in daardie klere was 'n sekere bedrag geld.

Weet u hoeveel geld was in die klere gewees? -- Ja, R350,00.

Was/...

Was daar enigiets anders uit die huis geneem behalwe die goedere wat u reeds genoem het? -- Nee.

Die persone wat die huis ingekom het, in watter taal het hulle met u vader gepraat? -- Zoeloe.

Is enigeen van die persone gewapen gewees? -- Ja.

Waarmee? Watse wapens het u gesien? -- Hierdie lang tuisgemaakte messe.

Enige ander wapens gesien behalwe die messe? -- Nee.

Wat was die kleredrag van hierdie persone wat daar in die huis was? -- Ek het nie gelet na kleredrag nie, maar hulle het bandjies, wit bandjies vasgemaak gehad aan hulle hoofde.

Goed, wat gebeur toe nadat die goedere geneem is uit die huis uit? -- Wel na hierdie mense weg is, gaan ons uit. Ons staan nog daar buite saam met die mense van die omtrek daarso, veral die bure, hier sien ons daar kom nog 'n groep mense aan. Terwyl hulle so nader getrek het, het hulle skote afgevuur. Ons hardloop toe terug in die huis in. Na hulle verby is gaan ons agter hulle aan, maar op 'n goeie afstand.

Hierdie tweede groep mense waarvan u nou getuig, uit rigting uit het hulle aangekom? Het hulle met ander woorde uit die rigting van Slovopark gekom of het hulle beweeg na die rigting van Slovopark? -- Uit rigting Slovopark.

Goed, wat gebeur toe? U het toe die groep agtervolg? -- U edele, daar waar, ek meen by die kruising, by die hoek sien ons daar lê 'n klomp goed daarso, dit was klerasie. Onder hierdie klere was daar van ons klere.

Goed, voordat u voortgaan, mnr Nyokong, hoeveel van u en - hoeveel ander persone het hierdie groep agtervolg? -- Ons was ongeveer vier gewees.

Kan u vir die hof 'n afstand gee watter afstand u hierdie

groep/...

groep gevolg het, met ander woorde hoe ver was u en die ander persone van hierdie groep wat u gevolg het? -- U edele, ek wys 'n afstand van so ver soos van hier af tot by die deur.

HOF: So 15 treë, 20 treë?

MNR VAN DER MERWE: Soos u behaag. -- U edele, maar ons het nie in die straat geloop nie, ons het so deur persele beweeg.

Kan u vir die hof sê hoe groot was hierdie groep wat u agtervolg, wat u gevolg het? -- 20 na 25.

Behalwe die skote wat u gehoor het toe hierdie tweede groep nou aankom wat u later gevolg het, het u enige wapens gesien wat die persone in hierdie groep gehad het? -- Nee, ek kon nie wapens sien nie.

Kon u sien wat die kleredrag van die persone in hierdie groep was? -- Klere soos jasse.

U het gesê u het klerasie gesien lê op die hoek van die strate. Watter hoek van watter strate het u hierdie klerasie gesien lê? -- Bafokeng en Thembu.

Sal u net daar op die kaart wys waar die hoek is waar u die klere gevind het? Met u verlof. -- Ek wys so, edele.

Dankie, u kan maar teruggaan.

HOF: Wat sê hy, Bafokeng en wat, Thembu?

MNR VAN DER MERWE: En Thembu, edele, dit is die straat heel aan die buitekant.

HOF: Ja.

MNR VAN DER MERWE: Goed, wat het u alles gesien lê daar op die hoek toe u nou daar kom? Wat was daar alles gewees? -- Baie klere en komberse.

Wat van u eiendom het u daar gevind onder hierdie goedere wat daar gelê het? -- U edele, wel, ek het nog goed daar gesien die volgende dag. Ek het toe ons eie TV ook daar gekry.

Die/...

Die klere en die komberse wat u die aand daar op die hoek gevind het, was dit u eiendom wat uit u huis verwyder is vroeër die aand? -- Ja. Dit was net komberse wat ek daar gekry het.

Waar, mnr Nyokong, het u die televisiestel die volgende dag gevind?

TOLK: Waar?

MNR VAN DER MERWE: Waar het u die televisiestel gekry die volgende dag? -- Net verby daardie waar die straat nou doodloop, 'n entjie in die veld in.

Is dit met ander woorde dan net 'n entjie verder van die plek waar u die vorige aand die komberse gekry het? -- Ja.

Het u enigiets anders van u eiendom, u goedere teruggekry behalwe die komberse en die televisiestel? -- Nee, dit is net die komberse en die TV.

Mnr Nyokong, hierdie groep wat u nou gevolg het, hoe ver was die groep in u sig, met ander woorde hoe ver kon u sien tot hulle uit u sig uitbeweeg het? -- U edele, soos ek geskat het, soos van hier af na die deur ongeveer.

Dankie, edele, ek het nie verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Nyokong, hierdie mense wat u agtervolg het, het u hulle agtervolg met die doel om vas te stel wie hulle is en waarnatoe hulle gaan? -- Ons wou sien waarnatoe gaan hulle.

Waarnatoe het hulle gegaan? -- Wel hulle het rigting Kwa-Madala Hostel in beweeg.

Het u dit gesien? -- U edele, ek het gesien hulle beweeg in daardie rigting.

Het u hulle gevolg tot daar by Thembustraat? -- Ja.

So u het toe nou 'n sig oor die stuk kaal veld wat tussen Thembustraat en die teerpad daar, Frikkie Meyer Boulevard is?

Ek/...

THE NEW YORK TIMES

# Will Hope Die in South Afr

By Rian Malan



Sue Coe

JOHANNESBURG

The African National Congress recently outlined plans to unseat the recalcitrant apartheid regime. The campaign was to begin with Soweto Day marches, move to a national strike and culminate toward the end of the year with giant demonstrations of the sort that toppled President Erich Honecker of East Germany in 1989.

Such mass mobilization requires a powerful sense of outrage and grievance, and it is not clear that such sentiment exists in South Africa. Virtually every citizen of Leipzig participated in the demonstrations that crippled Mr. Honecker; barely 10,000 followed Nelson Mandela on his Soweto Day protest march on June 16.

A crisis was needed to reawaken dormant passions, and the congress was handed one on June 17. That night, an army of warriors sallied forth from Kwamadala, a migrant workers' hostel and stronghold of the Zulu-based Inkatha Freedom Party, and massacred innocents in Boipatong, a nearby township. At least 40 people were shot, stabbed and hacked to death.

Within hours, A.N.C. leaders charged that this was an apartheid atrocity on a par with the 1961 Sharpeville massacre, in which white police gunned down 69 unarmed black protesters. The similarities were not immediately apparent, since the Boipatong butchers appeared to be black, but A.N.C. spin doctors overlooked the distinction.

They claimed the police had ignored warnings of the impending massacre and had ferried the Inkatha warriors into battle on armored personnel carriers. The attackers were said to be led by white Afrikaners, and President F.W. de Klerk was personally blamed.

Soon Nelson Mandela drew comparisons to Nazi Germany and described the police as "animals." Negotiations for a democratic constitution broke down. There were moves to renew South Africa's international isolation and bar its athletes from the Olympics in Barcelona. Young A.N.C. comrades barricaded streets and burned vehicles. South Africans peered into the abyss again. And it was the Government's fault.

Or was it?

The facts are not yet in, but it is beginning to seem that the A.N.C. may have been too quick to adopt a radical confrontational stance — one

dark to see who was who." Another supposed witness admitted he never laid eyes on the attackers. He assumed they were white because they spoke Afrikaans — this in a part of the country where Afrikaans, the dominant language, is spoken by most township blacks.

The police are acting as if they have nothing to hide — in this instance, at any rate. In the past their

police records. It emerged that there were two atrocities at Boipatong. One is the focus of an international crisis; the other has gone largely unreported.

The congress regards Kwamadala as a lair of thieves and butchers who murdered scores of congress supporters in the past two years. In Prince Zulu's estimation, the hostel is a refugee camp for Zulu-speaking Inkatha members driven from their homes by

# ica. Too?

that mirrored its approach in the 1980's. In the process, it may have seriously damaged the chances for a swift and peaceful resolution of the *South African conflict.*

In the past 10 days, the congress's accusations of police complicity in the Boipatong atrocity have started to look less than solid. Three callers who warned police of an impending attack have been identified, and the information they passed on was vague — "something is going to happen" — or inaccurate — "there will be an attack in Sebokeng."

The story about police vehicles has been contradicted
saw the Zulus ma
darkness. One sup
claimed to have s
massacre party ha
his daughter, who s

*Rian Malan is auth*
*tor's Heart," Denis*
*Sunday Star, a Joh*
*paper, contributed t*

response to township killings has been at best apathetic. Arrests are rare, convictions virtually unheard of, allegations of collusion abound.

After Boipatong, however, the police sealed off the hostel and yesterday arrested 75 on suspicion of murder. It's hard to believe they would investigate with such vigor if they had something to hide — harder still to believe that the Government would invite foreign observers to monitor the investigation if a diabolical plot was liable to be exposed.

Last week, Denis Beckett of The Sunday Star and I visited Kwamadala. We were the first journalists to
inter-
of the
lead-
In the
burned
nner of
ers suf-
.C.
but some
ter cross-
sidents and

A.N.C.-inspired arson and violence. Both views are substantially true. The area is a virtual war zone, inhabited by people who hate and fear each other.

According to residents and police records, Boipatong's ordeal began the night of June 13, four days before the massacre, when pro-A.N.C. youths searched it for enemies. Their targets were Inkatha members, Inkatha sympathizers or Zulus who had nothing to do with Inkatha but dared to maintain such customs as wearing a leather wristband in honor of their ancestors' spirits.

The first person to die was a woman, attacked because of her romantic involvement with a Zulu hostel dweller. A crowd necklaced her — burned her alive with a flaming tire around her neck. When police arrived, they were attacked with stones. Thirty minutes later, a mob torched the home of David Mbele, an Inkatha member. Mr. Mbele was caught and killed by the mob. The charred body of a third Inkatha member was found near Boipatong cemetery the following afternoon.

# *BOIPATONG MASSACRE*

**VENUE:** **ISCOR Club Hall, Vanderbijlpark** - **3-21 May 1999**
*(part heard, adjourned on Wednesday 27 January 1999)*
***[4th part-heard session]***

## *POSTEA, day 19* *MONDAY 3 May 1999*

**PANEL:**

| ***NGCOBO, J*** | ***ADV S SIGODI*** | ***J B SIBANYONI*** | ***ILAN LAX*** |
|---|---|---|---|
| 082 414 0089 | 082 457 6090 | ~~082 451 3274~~ 082 449 8059 | 082 457 6079 |

[Secretary: ***Louise Jeken***]

**EVIDENCE LEADER:** Zuko Mapoma 082 451 7805

**LOGISTICS OFFICERS:** Ntheki 082 459 3065

| | *APPLICANT* | | *NUMB ER* | *COUNSEL / INFORMATION* |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Qambelani Buthelezi | [6] | AM6128/97 | |
| 2 | Bhekinkosi Mkhize | [5] | AM6131/97 | |
| 3 | Tebogo Magubane | [8] | AM6118/97 | |
| 4 | Vincent Khanyile | [2] | AM6124/97 | |
| 5 | Timothy Stals Mazibuko | [7] | AM6122/97 | |
| 6 | Jack Mbele | [4] | AM6119/97 | |
| 7 | Sonny Michael Mkwanazi | [9] | AM6120/97 | |
| 8 | Thomas Lukhozi | | AM7396/97 | not represented, mandate ended with counsel. 10/7 STRUCK |
| 9 | Moses Mthembu | [10] | AM7394/97 | |
| 10 | Mplupeki Tshabangu | [3] | AM7391/97 | |
| 11 | Sipho Buthelezi | [13] | AM7319/97 | |
| 12 | Petrus Mdiniso | [12] | AM6127/97 | |
| 13 | Mxoliseni Sibongeleni Mkhize | | AM6125/97 | disapppeared, no one knows his whereabouts. |
| 14 | Paulos Mcikeleni Mbatha | [14] | AM6121/97 | |
| 15 | Richard Dlamini | [11] | AM6132/07 | |
| 16 | Victor Mthandeni Mthembu | [1] | AM1707/96 | Adv Cynthia Pretorius |
| 17 | Andries Matanzima Nosenga | | AM2778/96 | enrolled 18/1/99, represented by Goldie Tanzer. |
| 18 | Sithembiso Mountgomery Kubheka | [15] | AM6126/97 | |

*Next of kin represented by:*
**Adv Daniel I Berger, 083 455 3887,** instructed by **Ms Crystal Cambanis, [011] 331-6919**
**Adv PG Malindi (assisting Adv Berger)**

*Applicants 1-15 and 18, also IFP and Mr Zulu represented by:* Adv. J.L. Lawies
**Adv Rean Strydom, 083 3029 737,** instructed by **Mr Hanro W Fredrech** of JH Van Der Merwe Ingelyf, 083 2662 910
instructed by Anina vd Westhuiz

*Applicant 16 represented by:*
**Adv Cynthia Pretorius, 082 414 2573**

*Watching Brief for SANDF:*
**Adv Carlos A da Silva, 082 568 1894,** instructed by **Armin Kluth, 082 453 2022**

*Watching Brief for Implicated Parties: Mr Peens & Mr Greeff:*
**Adv H Botha, 083 283 5929,** instructed by **David Mey** of Snijman & Smullen, **083 778 7337**

*Applicant 18 represented by:*
**Ms Goldie Tanzer, 082 411 6020**

*Police represented by:*

# TRC wrong on Boipatong: Rian Malan

**Citizen Reporter**

ALTHOUGH ANC politicians alleged that the Boipatong massacre wascarried out by "third force" police and soldiers, these allegations failed to stand up either in court or in the Waddington or Goldstone inquiries, or indeed during the Truth and Reconciliation Commission's own hearings.

Nevertheless the truth commission's report simply regurgitates the original allegations and presents them as fact.

This emerges from a major article on the June 1992 Boipatong massacre, written by Rian Malan in the latest edition of Frontiers of Freedom, the quarterly journal of the South African Institute of Race Relations.

The massacre, in which Zulu residents of the KwaMadala Hostel fell on Boipatong and slaughtered some 45 men, women and children, is invariably cited as the cause of the breakdown of the Convention for a Democratic South Africa (Codesa) negotiations.

But this, says Malan, is untrue. "The talks actually died a month earlier, as the result of a deadlock deliberately engineered by Cyril Ramaphosa," then secretary-general of the ANC.

"At the time, the ANC was pushing for majority rule while the National Party held out for checks and balances," writes Malan. "The twain could not meet, so the ANC decided to force a stalemate and return to mass action."

But township response "fell painfully short" of the massive Leipzig-style demonstrations ANC militants had envisaged, Malan says. The spark that rekindled passions in South Africa and abroad was the Boipatong massacre.

"Before Boipatong, F W de Klerk was riding high," writes Malan, "bouyed up by his referendum victory and his rising status in the eyes of foreigners.

After Boipatong, he was just another racist," held responsible worldwide for the massacre.

By September 1992 De Klerk and his negotiators were so deflated "that they just caved in," says Malan. They made "extraordinary concessions" to get negotiations going again, abandoning all hope of federalism and eventually settling for vastly diluted constitutional protections for minorities.

This raises the question of whether the ANC's version of the massacre – a version that radically changed the course of the negotiations – is indeed the correct one.

Malan shows how various investigations over the past seven years failed to come up with any credible evidence to corroborate allegations of police and army complicity in the massacre. Foremost among these was a marathon 1993 trial during which the state called some 120 Boipatong residents – someone from almost every house where death or serious injury was recorded. "Not one," says Malan, saw police vehicles assisting the attackers, or claimed that whites were present.

This accorded with the evidence of five accomplices who agreed to testify against fellow hostel-dwellers in return for immunity. To a man, they refuted charges of police complicity, and dismissed reports about the participation of masked white gunmen as "infamous lies."

In addition, writes Malan, each of the 14 convicted self-confessed killer s who has thus far testified at amnesty hearings has described the attack as a Zulu affair, driven by vengeance in the face of persistent attacks.

They, too, have strongly denied colluding with police or "Third Force" elements.

And yet, says Malan, midway through the amnesty proceedings, the Truth Commission came forth with a finding that baldly declared Boipatong a "Third Force" operation. The massacre, said the commission's October report, was "planned and carried out" by hostel dwellers in collusion with security forces, who were said to have ferried the Inkatha impi into battle in Casspirs. Also deemed true were sightings of "white men with blackened faces" among the attackers.

Malan set out to establish the basis for these findings, and arrived at some startling conclusions. There was no investigation of the massacre per se, he writes, and hence, no new evidence to shore up the commission's pronouncements, or justify the reversal of earlier verdicts. Instead, says Malan, the truth commission simply accepted "phantasmagoric" accusations made by ANC-aligned sources in the massacre's confused and emotion-charged aftermath.

Indeed, a large chunk of the report was copied word-for-word from a June 1992 "Area Repression Report" published by the ANC-supporting Human Rights Commission.

"These ancient and largely discredited charges," Malan writes, were simply adopted as fact, with Orwellian consequences for the Boipatong amnesty applicants. They are entitled to amnesty only if they tell the truth, but "the truth" has already been established – largely without inquiry, says Malan – by the body that holds their fate in its hands.

When hearings resume on May 3, the Boipatong amnesty committee will hear evidence that belatedly attempts to validate the Truth Commission's findings of collusion and conspiracy. Notorious IFP gunfighter Victor "Vaal Monster" Kheswa will be portrayed as a massacre ringleader, but Malan has unearthed documentary proof that Kheswa was in emergency detention at the time. Ex-Murder and Robbery Squad Sergeant Pedro Peens, who is alleged to have paid Kheswa and provided "four to six" Casspirs, has dismissed the new claims as "absurd."

"My research," says Malan, "raises serious questions about the TRC's adherence to its own founding legislation, which calls for even-handed evaluation of contentious claims. The commission's Boipatong finding – which was at best premature, and at worst, flat wrong – disregarded this principle almost entirely. And the result will be with us, in Archbishop Tutu's phrase, 'for generations.'"

# Police 'face daily misconduct charges'

CAPE TOWN. – South Africa's police, reeling after a television docu-

"I think the public is getting confident now about the ICD and coming

police brutality by members of the Johannesburg Flying Squad.

issued in February showed complaints received indicated that

# Informer 'didn't know bomb was in minibus'

A POLICE informer did not know that the bomb that killed three people in an explosion in Botswana in 1987 had been planted in his minibus

dren, aged seven years old and nine months, who died when the car bomb exploded in a residential area of Gaborone on April 9, 1987.

Lekhotla Pule and Lester Dumakude, in Gaborone where they would place the weapons in the minibus.

Mr Momberg said Mr

Why justified costs being incurred

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.